



WEKE FEESTE

Richard van Wyk

6 Februarie 2022
Sondag 09:30

Die Fees van die ongesuurde brode (Hag Hamazot)

Ons lees dié week:
Levitikus 23:6-8
1 Korintiërs 5:7-8
Johannes 6:32-35

Die fees van die Ongesuurde Brood is deel van die Pasga fees waarvoor ons verlede week gesels het. Hierdie fees word vir 7 dae lank gevier (7 is die volmaakte getal) en word in Eksodus 12 en Levitikus 23 beskryf as deel van die Paasfees.

Die fees van Ongesuurde Brood begin op die 15de Nisan, 'n dag na Paasfees wat op die 14 Nisan val en duur tot die 21ste Nisan (vgl. Eksodus 12:18). Die 2 dae wat die fees omsluit (15de en 21ste Nisan) is jaarlikse Sabbatdae waarop daar geen werk gedoen mag word.

Die Israëliete mag ook, vir die 7 dae van die Ongesuurde Brood fees, geen suurdeeg (hametz) eet nie. Hulle moes alle vorme van suurdeeg uit hulle huise verwyder, want met die haastige uittoeg uit Egipte het hulle nie tyd gehad om hulle brood met gis te bak nie. Hierdie ongesuurde brood is 'n plat brood, en staan bekend as "matzo" of "matzah". Hierdie matzah bestaan uit drie dele met strepies op en die hele fees wys na Jesus wat vir ons geslaan en verbrysel was en sonder sonde is (Jes 53). Die 3 dele op die matzah broodjie verwys na die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Volgens Joodse tradisie word hierdie broodjie dan tydens die Pasga maal in die middel gebreek (die deel wat na Jesus verwys) en in 'n doek toegedraai en weggesteek in die huis waar die kinders van die huishouding dit dan moes soek. Weereens dui dit op

Jesus (die Messias) wat begrawe is en toegedraai is in 'n doek.

Hierdie gebreekte stukkie matzah was die "afikomen" genoem wat beteken "dit wat later kom". As christene weet ons Jesus het gekom en dat Hy belowe dat hy weer gaan kom.

Ten einde die hele gesin te betrek by hierdie proses van skoonmaak, het een van die gesinslede, enkele dae voor die Pasga, krummeltjies van gesuurde brood oral in die huis geplaas. Die Pa gaan dan van vertrek tot vertrek om hierdie suurdeeg op te spoor. Die gesinslid wat die krummels gestrooi het, loop met 'n brandende kers (Jesus is die lig vir die wêreld), saam met die Pa, ten einde te onthul waar die krummels (sonde) is. Wanneer die Pa die suurdeeg vind, sal hy baie versigtig wees om nie daaraan te raak nie (wees heilig) en daarom sal hy die krummels met 'n veer (die Heilige Gees) in 'n houtlepel (simbolies van die kruis) vee. Nadat al die krummels opgevee is, sal dit saam met die veer en die houtlepel, asook die kers, in 'n doek toegevou en met 'n tontjie vasgebind word (Jesus is in linne toegedraai en begrawe), waarop dit alles verbrand is en daarna begrawe word. Sodoende is die hele huis gereinig en was die gesin gereed vir die viering van die Pasga.

In die Bybel word suurdeeg simbolies gebruik om te dui op sonde en boosheid. Hierdie fees gee die opdrag aan die Christen om sonde uit jou lewe te verwyder. Jesus was die Ongesuurde Brood, sonder sonde. Jesus is die Brood van die Lewe (Lechem Hachayim; vgl. Johannes 6:32-35). Jesus is gebore in Betlehem, wat beteken huis van brood (Bet Lechem) en Hy kom vervul hierdie fees tot in die fynste detail. Jesus het

die krag en die mag van die sonde kom breek en ons kom vrykoop.

Die fees van die Ongesuurde Brood herinner ons dus daaraan om voortdurend die sonde uit ons lewens te verwyder en om aan God gehoorsaam te bly (vgl. Matt 16:6, Mark 8:15, Luk 12:1, 1 Kor 5:6).

Paulus skryf aan die gemeente (Christene) in Korinte tydens sy 3de sendingreis: 1 Kor 5:6-8: ⁶Julle grootpraterie is nie mooi nie. Weet julle dan nie dat 'n klein bietjie suurdeeg die hele mengsel deursuur nie? ⁷Verwyder die ou suurdeeg, sodat julle nuwe deeg kan wees, soos julle inderdaad ongesuurde brood is. Want ook ons Pasgalam, Christus, is geslag. ⁸Laat ons daarom feesvier, nie met ou suurdeeg, die suurdeeg van kwaad en boosheid nie, maar met die ongesuurde brood van opregtheid en waarheid”.

Die wonderlike is dat die Nuwe Testament vir ons kom sê in Johannes 6:32-35: “Jesus sê toe vir hulle: “Amen, amen, Ek sê vir julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie – nee, my Vader gee vir julle die ware brood uit die hemel. ³³Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld lewe gee.” ³⁴Hulle sê toe vir Hom: “Here, gee ons altyd hierdie brood.” ³⁵Jesus het vir hulle gesê: “**Ek is die brood van die lewe.** Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie.

Dit is baie duidelik dat Jesus hierdie feit dat Hy die Brood van die Lewe is, baie sterk wou beklemtoon, want daardeur het Hy aan ons getoon dat Hy "gesuurde brood" vir ons geword het – die suurdeeg (die sonde) wat in ons geheers het, het Hy in Hom ingeneem en deur Sy dood, is ons geestelike huise gereinig van die "suurdeeg". Hy moes egter ook begrawe word, soos die verbrande gesuurde krummels van die Jode wat met die veertjie opgevee was.

Die persoonlike waarheid t.o.v. hierdie Fees van die Ongesuurde Brood, is dat ons as gelowiges voortdurend die "suurdeeg" van ons lewens moet aflê

– daardie "suurdeeg" wat saam met Jesus Christus gekruisig en begrawe is.

Belofte:

Wonderlike belofte in 1 Johannes 1:9: ⁹“As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig”.

Ons deel met mekaar

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeeltes hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hulle eie ervarings vanuit die teks deel.
- Luister so na mekaar dat ons ook God se stem in mekaar kan hoor.
- Deel met mekaar die lekker herinneringe van brood wat julle het en sê vir mekaar hoe laat dit julle oor Jesus voel as hy sê “Ek is die brood van die lewe”.
- Suurdeeg word simbolies in die Bybel gebruik om te wys op sonde en boosheid. Deel met mekaar waar julle “suurdeeg” in ons samelewing sien of beleef.
- As julle die vrymoedigheid het deel ook met mekaar waar julle “suurdeeg” in julle eie lewens sien.
- Help mekaar hoe ons meer en meer as “ongesuurde brood” ’n verskil in die samelewing kan maak.

Ons bid saam

- Gee ’n paar oomblikke van stilte waar elkeen kan neerskryf hoe hulle in hierdie groepsbyeenkoms God se stem vir hulle lewens gehoor het.
- Laat elke groepslid sy/haar gebedsbehoefte vir die week met ’n ander groepslid deel. Bid in pare saam vir mekaar op die naam en verbind julle daartoe om ook verder in die week vir mekaar se behoeftes te bid.



